STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

2 DESEMBER 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENS
God met my op reis . . . elke oomblik.
Lukas 21:29-36

GESINSDIENS
Wat sien jy?
Johannes 3:1-21

JEUGDIENS
Ritme
Johannes 3:16

DEURKOLLEKTE
Durbanville Kinderhuis

EREDIENSTE

			2 Desember		9 Desember	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	5	Ds. Visagie	1
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Kotze	6	Ds. Breytenbach	-
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Peter Kotze	-	Geen diens	-
19:00	Kerk	Kerssangdiens	Geen diens		Ds. Potgieter	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Mike van Deventer	11	Geen diens	-

KAROO-KOSPROJEK

Die droogte het tot gevolg gehad dat heelwat boere se oeste onsuksesvol was en honderde seisoenwerkers is die hele jaar al sonder werk en inkomste. Ernstige voedselnood dreig daarom in dorpe soos Calitzdorp, Zoar en Leeu-Gamka. Ons gaan dus ingryp en poog om met behulp van medewerkers en kosspanne elke tweede dag van die skoolvakansie aan minderbevoorregte laerskool- en voorskoolse kinders op dié dorpe 'n maaltyd te voorsien. Help ons asb. om die krisis af te weer. Raak só betrokke:

- 'n Elektroniese bydrae na NGK Stellenberg, ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, KAROOKOS as verwysing.
- Borg 'n bord kos @ R10 elk. Kaartjies is vanoggend na die erediens in die voorportaal te koop.
- Jy kan ook die volgende produkte skenk: 5/10 kg broodmeel; 5 kg mieliemeel; hawermout; kookolie; blikkieskos soos *bully beef* en sardyne; rys; langlewemelk; soja maalvleis; aanmaakkoeldrank; maalvleis; hoender en bevrore groente. Handig produkte by die Kerssangdiens, of Kersdienste in, of by die kerkkantoor.

[ONS GLO . . .]

JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS: Begin om 18:00 en daarna neem ons afskeid van ds. Peter en Chané Kotze.
- SENIORKLEINGROEPLEIERS: Ontmoet om 17:30.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: Vir jong volwassenes, kom op Woensdae om 18:30 bymekaar. Kontak jeugkantoor vir info.
- BLISS: Groep vir jong volwassenes kom Sondae 16:45 bymekaar, en ander selgroepe Woensdagaande 18:30. Kontak die jeugkantoor vir meer info.
- GRAAD 11'S EN OUERS: Ontmoet om 19:00 in die kleinsaal.

GRAAD 8-KAMP

Alle 2019-graad-8-leerders van Hoërskool Stellenberg word uitgenooi na die graad 8-kamp by Apostelbattery, Llundudno, vanaf 4 tot 6 Januarie 2019. Laai inskrywingsvorms by www.stellenberg.co.za af, of skryf via die jeug-app in.

KATEGESE-KLEINGROEPLEIERS

Ons benodig dringend kategese-kleingroepleiers vir 2019. Stuur asb. jou kontakbesonderhede aan sunet@stellenberg.co.za indien jy bereid is om jou hulp aan te bied. Raak eerstehands by jou kind se geloofsontwikkeling betrokke en leer sy/haar maats ook beter ken.

GEMEENTEBRAAI/DANKIE SÊ

Ons nooi alle lidmate en ook vrywilligers wat by onderskeie bedienings in die gemeente betrokke is om Vrydagaand 7 Desember by die gemeentebraai aan te sluit. Bring jou eie vleis, slaai, drinkgoed en eetgerei. Ons voorsien die kole. Kole is vanaf 19:00 gereed. Dit is 'n heerlike saamkuiergeleentheid.

PLANTETAFEL 9 DESEMBER

Besoek die plantetafel op Sondagoggend 9 Desember om 10:00. Vetplante is wonderlike Kersgeskenke.

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2-3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5-6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 6 tot 11: Kuier in markplein saam met ds. Peter Kotze.

PREDIKANTE AAN DIENS TYDENS DIE SKOOL-VAKANSIE

12 tot 17 Desember
Di. Marius Breytenbach en René Potgieter

18 tot 25 Desember
Ds. Why Duvenhage

26 Desember tot 8 Januarie
Ds. Callie Visagie

Kontak gerus die leraar aan diens indien jy gedurende die skool-vakansie 'n leraar benodig.

VUL VAN VAKANTE LERAARSPOS

Neem asb. kennis van die volgende:

- 2 Des: Afskeidsgeleentheid vir ds. Kotze by die jeugdiens, 18:00. Na die diens kuier ons saam in die markplein.
- 9 Des: Afskeidsgeleenthede by die gesinsdiens en in die kerk om 09:00 met 'n geselligheid daarna.

Die kerkraad het besluit om die vakature so gou moontlik te vul. 'n Pre-advieskommissie is deur die kerkraad aangestel wat die kerkraad sal begelei in die aanstelling van 'n nuwe leraar.

- 'n Spesiale kerkraadsvergadering word op 30 Januarie 2019 vir die uitbring van 'n beroep beplan. Die teikendatum vir indiensneming van die nuwe jeugleraar is DV 1 April 2019.
- Lidmate word uitgenooi om kandidate te nomineer. Nominasies sluit op **10 Desember 2018** en kan per e-pos aan Fritz Brand by fritz@stellenberg.co.za gestuur, of by die kerkkantoor ingehandig word. Nominasies moet die volgende inligting van die genomineerde kandidaat bevat: naam, standplaas en indien moontlik sy/haar kontakbesonderhede, asook die naam en kontakbesonderhede van die nomineerder.

KERSSANGDIENS

Ons nooi alle lidmate uit na die Kerssangdiens op Sondagaand 9 Des. om 19:00 in die kerk. Prediker: ds. René Potgieter. Almanakke vir 2019 sal by die Kerssangdiens beskikbaar wees.

MUSIKANTE VIR PAROWVALLEI-OOS

Die Parowvallei-Oos-gemeente naby aan Tygerberg Hospitaal is dringend op soek na jongmense wat in hulle *band* kan speel. Trom-, kitaar- en baskitaarspelers asook sangers word benodig. Vergoeding word aangebied. Kontak dr. Theo Swart 083 457 1647.

KERSETE BY KLIPHEUWEL

Indien jy graag betrokke wil raak by die Kersete wat jaarliks op Kersdag aan inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aangebied word, kontak asb. vir Ingrid Botha by 082 574 1544.

EDELWEISS HUISBYEENKOMS

Donderdag 6 Des. 15:00 Afsluiting

TREES ONLINE

Hartlik dankie aan Dirk Heyneman van *Trees Online* wat die arbeid en sekere plante vir die opgradering van die voortuin gratis voorsien het.

Kontak gerus vir Dirk by 084 292 9706.

BREIGROEP

Die breigroep kom weer op Maandag 3 Desember byeen. Ons gaan saam ontbyt eet. Kontak vir Ria by 083 519 0603 vir verdere besonderhede.

TIENDEMAANDINSAMELING

- Met die oog op die tiendemaandinsameling dié maand versoek ons dat jy biddend sal oorweeg om 'n spesiale bydrae tot die insameling te maak. Die tiendemaandinsameling is onmisbaar in die gemeente se jaarlikse begroting van R10 miljoen. Ons mikpunt is R1,75 mijoen en die insameling staan tans op R970 443.
- Bring jou tiendemaandbydrae, of bewys van die bydrae, saam na die erediens toe en in ruil daarvoor kan jy 'n spekboompie ontvang. Neem asb. net een spekboom per gesin. Spekbome kan in 2019 uitgeplant word.

Jeremia 17:8 "So iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."

DOOP VANDAG

- Carl en Mariëtte Büchner, Boschendalplaas, Durbanville, laat doop vir Stefan Petrus Büchner.
- Johann en Inge Coetzee, Sunningdale 25, Stellenberg, laat doop vir Emma Coetzee.
- Almero Oosthuizen en Bettie Barry, Dawnslot 7, laat doop vir Clara Rosa Oosthuizen.
- Elbrecht en Elisma Oswald, Lameer 5, Schubertstraat, Sonstraalhoogte, laat doop vir Luan Oswald.
- Ruan Pentz en Lize du Plessis, Moepel 53, Kleinbron-landgoed, laat doop vir Lia Pentz.
- Eugene en Christia Steynberg, Suningdale 20, laat doop vir Kirsten Steynberg.

GEBEDSGROEPE

Maandag 09:15

Vrouebiduur in die gebedskamer.

Dinsdag 18:30

Gebedsbyeenkoms in die gebedskamer.

Donderdag 06:00

Gebedsbyeenkoms vir mans in die markplein.

NUUT IN DIE GEMEENTE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddienste by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of gesels na die diens met die prediker.

VERLORE ITEMS

Daar is vandag 'n tafel met verlore items in die voorportaal van die kerk. Indien jy iets vermis, kyk asb. of jy dit nie tussen die items vind nie.